

NIE-REGERINGSORGANISASIE**NO. R. 485****11 MEI 2018****WET OP DRANKPRODUKTE, 1989****(WET No. 60 VAN 1989)****WYN VAN OORSPRONG-SKEMA: WYSIGING**

Ek, Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikel 14 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), op aanbeveling van die Wyn- en Spiritusraad bedoel in artikel 2 van genoemde Wet, wysig hierby die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 1990, soos gewysig, tot die mate in die Bylae uiteengesit.

S. ZOKWANA,
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken “die Skema” die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 29 Junie 1990, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No's R. 837 van 19 April 1991, R. 2842 van 29 November 1991, R.1054 van 10 April 1992, R. 2594 van 11 September 1992, R. 3231 van 27 November 1992, R. 546 van 2 April 1993, R. 1375 van 30 Julie 1993, R. 1021 van 27 Mei 1994, R. 2067 van 2 Desember 1994, R. 814 van 9 Junie 1995, R. 1875 van 8 Desember 1995, R. 1039 van 8 Augustus 1997, R 834 van 26 Junie 1998, R 324 van 19 Maart 1999, R. 19 van 12 Januarie 2001, R. 829 van 21 Junie 2002, R. 1306 van 25 Oktober 2002 soos reggestel by R. 1503 van 6 Desember 2002, R.1819 van 19 Desember 2003, R. 835 van 26 Augustus 2005, R. 813 van 11 Augustus 2006, R. 554 van 22 Mei 2009, R. 526 van 13 Julie 2012, R. 403 van 2 Mei 2014 en R. 628 van 24 Julie 2015.

Wysiging van Tabel 1 van die Skema

2. Tabel 1 van die Skema word hierby gewysig –
 - (a) deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)****" deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)" te vervang;
 - (b) deur die inskrywing "Barbarossa****" deur die inskrywing "Barbarossa" te vervang;
 - (c) deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache)" deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache; Grenache noir)" te vervang;
 - (d) deur die inskrywing "Kristal****" deur die inskrywing "Kristal" te vervang;
 - (e) deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei)" deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei; Listán blanc;

Listón blanco)" te vervang;

(f) deur die inskrywing "Sauvignon blanc (Blanc Fumé)" deur die inskrywing

"Sauvignon blanc (Blanc Fumé; Fumé blanc)" te vervang; en

(g) deur die inskrywing " Vermentino" op die alfabeties korrekte plek in te voeg.

Wysiging van Tabel 4 van die Skema

3. Tabel 4 van die Skema word hierby gewysig deur elke paragraaf (m) in kolom 3 deur die volgende paragraaf te vervang:

"(m) Mikrobiologiese bederwing (soos "Brettanomyces", asyn en muis)".